DIE EVANGELIE IN ONS VLAG



God het my gemaak, ek's 'n Koningskind. By Hom sal ek troos en beskerming vind.	GEEL
Met 'n lewe sonder Jesus is my hart vuil van sonde.	SWART
Maar aan die kruis op Golgota vloei die bloed uit Sy wonde.	ROOI
In liefde het Hy eenmaal so gely, sodat ek, en ook jy, 'n skoon hart kan kry.	WIT
Nou lei Sy Gees my om te groei soos die gerwe	GROEN
En Sy Woord verseker my dat ek eendag die hemel sal beërwe.	BLOU

GEE VIR ELKE KLAS 'N GROOT GEKLEURDE VLAG EN LAAT HULLE DIE ONDERSKEIE SIMBOLE OP DIE REGTE KLEURE PLAK

- Vergroot die vlag tot A3-grootte
- Elke klas kry 'n groot vlag om in te kleur - leier kan dit vooraf verf
- Kopieer onderstaande simbole op verskillende kleure papier:

  (6 Krone op Geel, 6 Swart harte op wit, 8 Kruise op Rooi, 5 Skoon harte op wit, 10 Gerwe op groen, 7 Wolke op blou.)

- Knip die simbole uit. (Vir kleiner kinders kan die leier dit vooraf doen.)
- Plak dit dan op die verskillende dele.
- Plak die vlag netjies vas op karton en gebruik as versiering teen klas se muur.

GEE VIR ELKE KIND DIE VERSIE EN 'N KLEIN LANDSVLAGGIE (soos gebruik vir soutgoed) (in winkels by servette-afdeling) HUIS TOE

- Kopieer vir elke kind 'n versie
- Lees dit saam met hulle deur en laat hulle self sê watter kleure pas waar.

(Geel, swart, rooi, wit, groen, blou)

Bellville-Riebeeck